# Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort

**REËLINGS: TROOSDIENS**

Die volgende reëlings is van toepassing sou die Gereformeerde gemeente Pretoria-Montanapoort se predikant, orrelis en ander amptenare en of Diensgroepe by 'n troosdiens betrokke wees:

**AS MY GELIEFDE STERF, WAT DAN?**

1. Skakel so gou moontlik met dr. Heystek wat u te alle tye behulpsaam sal wees en van advies sal bedien.

2. Skakel die Begrafnisondernemer van u keuse om die liggaam van die oorledene te kom verwyder. (By die hospitaal of tuis.)

   2.1 U hoef nie noodwendig die Maatskappy te skakel by wie u 'n begrafnisboekie of polis het nie.

   2.2 Indien u nie 'n "boekie" het wat vir 'n begrafnis se koste kan betaal nie, moet u ASB VOOR U MET ENIGE BEGRAFNISONDERNEMER SKAKEL EERS MET DR. HEYSTEK PRAAT.

3. Om die formele begrafnisreëlings te tref is nie moeilik nie. Maak met die betrokke ondernemer 'n afspraak en hulle lei u in alles wat van belang is. **Neem die oorledene se ID boekie en die begrafnispolis (indien beskikbaar) saam.**

4. Wanneer u die begrafnisreëlings tref moet u ASB die volgende in gedagte hou:

   4.1 Moenie 'n dag, tyd en plek finaliseer voordat u nie met dr. Heystek gekonsulteer het nie.

   4.2 Wees bedag op die kostes en beding vir die beste prys.

   4.3 Finaliseer eers die totale koste en oorhandig dan u polis(se) aan die Ondernemer.

   4.4 "Slide-Shows" tydens 'n troosdiens word nie aangemoedig nie. Indien wel moet die familie verantwoordelikheid vir die aanbieding aanvaar. Geen apparaat is beskikbaar nie (kragpunt wel).

   4.5 Opnames van 'n troosdiens (bv. CD's) word nie gemaak nie.

4.6 Lewendige uitsendings (toerusting ingesluit) is die verantwoordelikheid van die familie.

4.7 Die Kerkkantoor of dr. Heystek reël:
- 4.7.1 Koster
- 4.7.2 Orrelis
- 4.7.3 Klankoperateur
- 4.7.4 Kerkgebou en kerksaal in samewerking met Pta-Magalieskruin

4.8 Skriflesing, teks en sang tydens die troosdiens word deur die predikant "gekies" en gefinaliseer.

4.9 In geval van 'n verassing tree die predikant nie by die lyksmotor, na die troosdiens, op nie. Die moment word as 'n familie aangeleentheid beskou.

4.10 Huldeblyke moet tot die minimum beperk word, indien enige.

4.11 Oorweeg dit om in geval van 'n ter aarde bestelling die grafdiens eerste af te handel en daarna die troosdiens in die kerkgebou.

5. **Honoraria:** (Is die naasbestaandes/familie se verantwoordelikheid en moet so met die ondernemer gereël word.)
Die volgende honoraria is in kontant per koevert gemerk, vóór die troosdiens by die Kerkkantoor betaalbaar:

5.1 Koster: R350
5.2 Klankoperateur: R450
5.3 Orrelis: R450
5.4 Predikant: R600

6. **Verversings:** (na afloop van die troosdiens/grafdiens)
Die begragnisdiensgroep (kry nommer van die sameroeper by die Bedieningsbestuurder (072 980 9287), sal u bystaan, deur onder andere:
- saal gereed te maak vir die naasbestaandes
- tafels en stoele uit te pak
- urn aan te skakel
- verversings "platters" wat die familie ten minste 45 min voor die aanvang van die troosdiens in die kombuis neersit, netjies uit te pak.
- papierborde en papier koffie/tee houers wat die familie voorsien, netjies uit te pak.
- na die tyd die saal en kombuis op te ruim.

Skakel gerus met sr. Joey Botha (082 847 1479) wat verversings van hoë kwaliteit voorsien.

7. **Kontaknommers:**
7.1 Bedieningsbestuurder: Mariki de Bruin-van Rooyen (072 980 9287)
Maandae-Vrydae 08h00-14h00
7.2 Leraar: Dr. P.H. Heystek 082 682 1142
7.3 Koster: Stefaans Dalisile 079 558 7216

**BAIE STERKTE**